21.16 BESWAARSKRIF STREEKSINODE RANDVAAL TEEN DIE BESLUIT VAN SINODE 2003 (Art 21.8, 7.1 [Acta 2003:555]) (Artt 19, 66, 122, 258, 333)

A. Dr WC Vergeer stel die Beswaarskrif.
B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Beswaarskrifkommissie 4.
C. Ds JG Noëth rapporteer namens die Beswaarskrifkommissie 4.

D. **BESWAARSKRIF**

1. Besluit waarteen beswaar aangeteken word

Artikel 21.9, 7 (Acta 2003:555):

"7. Finale aanbevelings (vgl 5 van Beswaarskrif)
7.1 Dat die beswaar teen Artikel 98, 3.6.5 (Acta 1988:519) nie slaag nie.
7.2 Dat die beswaar teen die motivering van Artikel 98, 3.6.3 (Acta 1988:519) slaag."

(Opmerking: Alhoewel die Handelinge van die Sinode dit nie vermeld nie, is dié aanbevelings (7) deur die Sinode goedgekeur)

2. Agtergrond

2.1 Tydens Sinode 2003 dien 'n Beswaarskrif van WC Vergeer en JJ Janse van Rensburg teen die besluit van Sinode 1988 (art 98, 3.6.3), (Acta 1988:519).

2.2 Die besluit waarteen beswaar gemaak word, lui soos volg: "*In Christus breek daar vir die verloste vrou 'n nuwe bedeling aan en verwerklik die Here sy oorspronklike bedoeling met die man en vrou deur die beeld van God in die mens te herstel. Die skopus van die evangelie van Christus wys in die rigting dat vrouens deur God geroep en begiftig kan word om op besondere wyse in sy kerk te dien soos Hy dit goeddink. Besluit: 1. Die eerste sin: Goedgekeur. 2. Die tweede sin: Afgekeur (Acta 1988:519)*".

2.3 Daar was twee gronde vir die beswaar voor Sinode 2003 naamlik: "*1. In die motivering van sy besluit hanteer die Sinode die Bybel op 'n kasuïstiese wyse. 2. In die motivering van sy besluit hanteer die Sinode die Bybel op 'n a-historiese wyse* " (Acta 2003:546).

2.4 Sinode 2003 laat die beswaar op die eerste grond slaag (Acta 2003:554) maar nie op die tweede grond nie (Acta 2003:555).

2.5 In sy geheel handhaaf Sinode 2003 die beswaar teen die motivering van die besluit van Sinode 1988 (art 98, 3.6.3), (Acta 2003:555).

2.6 Nogtans herroep Sinode 2003 nie die besluit van Sinode 1988 (art 98, 3.6.3), (Acta 1988:519) nie, soos in die Beswaarskrif versoek word (Acta 2003:519).

3. Gronde vir die beswaar

3.1 Die Sinode se optrede is in stryd met KO, art 31.

3.1.1 Sinode 2003 erken dat voldoende aangetoon is dat Sinode 1988 in die motivering van sy besluit om die aanbeveling van Deputate te verwerp, die Bybel op kasuïstiese wyse gebruik het (Acta 2003:554). Die Sinode laat die beswaar op hierdie punt én in sy geheel slaag (Acta 2003:555).

3.1.2 Ten spyte daarvan dat die beswaar slaag, herroep Sinode 2003 nie die besluit van Sinode 1988 (art 98, 3.6.3), (Acta 1988:519) nie, soos in die Beswaarskrif versoek word.

4. Versoek

Hiermee word versoek dat die Sinode die besluit van Sinode 1988 (art 98, 3.6.3), (Acta 1988:519) herroep. Die implikasie hiervan is dat die aanbeveling van die Deputate aan Sinode 1988 (art 98, 3.6.3), (Acta 1988:519) slaag: *Die skopus van die evangelie van Christus wys in die rigting dat vrouens deur God geroep en begiftig kan word om op besondere wyse in sy kerk te dien soos Hy dit goeddink.*

E. **RAPPORT VAN DIE BESWAARKOMMISSIE**

1. Opdrag

Beswaarskrif van die Streeksinode Randvaal teen Sinode 2003.

Besluit: Kennis geneem.

2. Werkswyse

2.1 Die Kommissie het deur die Beswaarskrif gewerk. Die aangehaalde Sinodebesluite is gekontroleer en korrek bevind.

2.2 Die Kommissie het die toeligter van die Beswaarskrif te woord gestaan.

2.3 Die Kommissie het ander insette wat gelewer is, volledig hanteer en deurgewerk.

2.4 Die Kommissie moet die Sinode adviseer ten opsigte van regspraak en het nie die materie van die saak rondom die vrou in die amp hanteer nie.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.4.

3. Besluit waarteen beswaar aangeteken word

Artikel 21.9, 7 (Acta 2003:555):

"7. Finale aanbevelings (vgl. 5 van Beswaarskrif)

7.1 Dat die beswaar teen Artikel 98, 3.6.5 (Acta 1988:519) nie slaag nie.

7.2 Dat die beswaar teen die motivering van Artikel 98, 3.6.3 (Acta 1988:519) slaag."

Die Beswaarskrif beweer: "Alhoewel die Handelinge van die Sinode dit nie vermeld nie, is bogenoemde aanbevelings (7) deur die Sinode goedgekeur". Die Kommissie het hierdie bewering gekontroleer en korrek bevind. Die besluit waarteen beswaar gemaak word, is dus duidelik aangetoon.

Besluit: Kennis geneem.

4. Agtergrond

Die Beswaarskrif skets die agtergrond vir die beswaar (Beswaarskrif punt 2), wat die Kommissie soos volg opsom:

4.1 Tydens Sinode 2003 dien 'n Beswaarskrif van WC Vergeer en JJ Janse van Rensburg teen die besluit van Sinode 1988 (art 98, 3.6.3 Acta 1988:519).

4.2 Die beswaar van dié beswaardes was gegrond op twee sake, nl. dat Sinode 2003 in die motivering van sy besluit 3.6.3 (Acta 1988:519) werk op:

4.2.1 'n kasuïstiese wyse en

4.2.2 'n a-historiese wyse (Acta 2003:546).

4.3 Sinode 2003 laat die beswaar op die eerste grond slaag (Acta 2003:554), maar nie op die tweede grond nie (Acta 2003:555).

4.4 Sinode 2003 handhaaf die beswaar teen die motivering van die besluit van Sinode 1988 (art 98, 3.6.3) (Acta 2003:555).

4.5 Nogtans wysig Sinode 2003 nie die besluit van Sinode 1988 (art 98, 3.6.3) (Acta 1988:519), soos in die Beswaarskrif versoek word nie (Acta 2003:519).

4.6 Die huidige Beswaarskrif van Streeksinode Randvaal redeneer:

4.6.1 Sinode 2003 het erken dat Sinode 1988 in die motivering van sy besluit om 'n deel van die aanbeveling van die Deputate te verwerp, die Bybel op 'n kasuïstiese wyse gebruik het (Acta 2003:555) en Sinode 2003 laat hierdie beswaargrond (2.2.1, Acta 2006:554) in sy geheel slaag (Acta 2003:555).

4.6.2 Ten spyte daarvan herroep Sinode 2003 nie die besluit van Sinode 1988 (art 98, 3.6.3), (Acta 1988:519), soos in die Beswaarskrif versoek word nie.

4.7 <u>Samevatting</u>

Die Beswaarskrif van Streeksinode Randvaal maak daarteen beswaar dat Sinode 2003 goedgekeur het dat die motivering van die besluit van Sinode 1988 op 'n kasuïstiese wyse geneem is (art 98, 3.6.3 Acta 1988:519) en tog nie aan die beswaardes se versoek (Acta 2003:550) gehoor gegee is nie.

Die versoek van die beswaardes (Sinode 2003:550) was soos volg:

4.2.7.1 "Dat gemeentes waar dit met vrede en tot opbou gedoen kan word, bekwame lidmate van enige geslag tot die besondere ampte kan beroep en bevestig. Hierby moet

die Bybelse beginsel dat die eenheid van die gemeente ’n hoër prioriteit geniet as die uitlewing van persoonlike gawes, in berekening gebring word” (Acta, 2003:550, 6.1)(**Versoek 1**)

Die huidige versoek, soos vervat in die Beswaarskrif is soos volg:

4.2.7.2 Hiermee word versoek dat die Sinode die besluit van Sinode 1988 (art 98, 3.6.3), (Acta 1988:519) herroep. Die implikasie hiervan is dat die aanbeveling van die Deputate aan Sinode 1988 (art 98, 3.6.3), (Acta 1988:519) slaag: *Die Skopus van die evangelie van Christus wys in die rigting dat vrouens deur God geroep en begiftig kan word om op besondere wyse in sy kerk te dien soos Hy dit goeddink.”* (**Versoek 2**)

Besluit: Kennis geneem.

5. Beswaar

Die Beswaarskrif formuleer nie uitdruklik ’n beswaar nie, maar stel slegs een beswaargrond. Die beswaar is gerig teen ’n vermeende **versuim** van Sinode 2003 om ’n besluit van 1988 te herroep. Die beswaar is nie gerig teen ’n positiewe **besluit** van Sinode 2003 nie.

Besluit: Kennis geneem.

6. Beswaargrond

Slegs een beswaargrond word gestel:

“Die Sinode se optrede is in stryd met KO, art 31.”

Besluit: Kennis geneem.

7. Beoordeling

7.1 Die kern van die beswaargrond is dat Sinode 2003 'n beswaar teen ’n **motivering** van 'n besluit van 1988 laat slaag, maar in gebreke bly om die **besluit** wat daarmee saamhang (art 98, 3.6.3, Acta 1988:519), te herroep.

7.2 Ter wille van duidelikheid moet daarop gelet word dat die Beswaarskrif van WC Vergeer en JJ Janse van Rensburg op Sinode 2003 ***nie*** in sy **geheel** geslaag het nie. Laasgenoemde is met die toeligter van die huidige Beswaarskrif, WC Vergeer, bevestig. Alhoewel daar in Streeksinode Randvaal se Beswaarskrif verwysings is dat die beswaar in sy geheel geslaag het, bedoel hulle daarmee dat net die **spesifieke punt** van Sinode 2003, nl. artikel 98, **3.6.3** (Acta 1988:519) geslaag het. Die toeligter het aangedui dat die bedoeling van die beswaardes **nie** is dat die Beswaarskrif van Sinode 2003 in sy geheel geslaag het nie. Die beswaargrond wat dien op Sinode 2003 slaag slegs op ’n beswaargrond wat die motivering van ’n bepaalde besluit van Sinode 1988 raak. Die Kommissie wys verder daarop dat slegs **’n deel** van dié motivering in gedrang is, nl. kasuïstiese Skrifgebruik in die betrokke motivering.

7.3 Sinode 2003 (p554-555) handhaaf die beswaar (naamlik kasuïstiese gebruik van die Skrif in ’n motivering van ’n besluit, artikel 98, 3.6.3. [Acta 1988:519]), maar voldoen nie aan die versoek van die beswaardes om die besluit van Sinode 1988 te herroep of te verander nie (Versoek 1 soos hierbo by punt 4.2.7.1 aangehaal). Tensy uitdruklik vermeld, neem ’n Sinode nie die motivering van besluite vir sy rekening nie, maar wel die **besluite** self. Motiverings word ter verduideliking van ’n besluit aangedui. In die geval van die Rapport van Sinode 1988, moet die breër raamwerk van hierdie lang Rapport in gedagte gehou word. In die Rapport van Sinode 1988 word **verskeie** besluite geneem en met motiverings gesteun. Die beswaar slaag ten opsigte van (’n gedeelte van) ’n motivering van één (1) van agt (8) punte, nl. 3.6.3. Deur die handhawing van die beswaar teen die motivering (3.6.3, Acta 1988:519) van die besluit gee Sinode 2003 toe dat die motivering op hierdie punt kasuïsties is, tog ag die Sinode dit nie nodig om ook die besluit te wysig nie.

7.4 ’n Vergadering het die reg om ’n bestaande besluit te handhaaf, selfs al sou ’n beswaar teen ’n motivering van ’n besluit of ’n deel daarvan slaag, aangesien die breër raamwerk waarbinne ’n besluit geneem is, reeds binne die besluit verreken is. Al word die motivering by ’n besluit dus verkeerd bevind, impliseer dit nie noodwendig dat die

vergadering die betrokke besluit moet herroep nie. **'n Motivering dien as toeligting, maar is nie die besluit self nie.** Die beslissing in die Beswaarskrif van Sinode 2003 wysig dus nie die besluit van Sinode 1988 (p519) nie, maar raak slegs 'n aspek van die motivering van die besluit.

7.5 Tydens Sinode 2003 slaag die beswaar teen die motivering op beswaargrond 1, maar nie op beswaargrond 2 nie. Die Beswaarskrif slaag ook nie in sy geheel nie (Acta 2003:555. Kyk ook errata Handelinge 2003). Die bedoeling van Sinode 2003 is duidelik dat net 'n bepaalde saak (kasuïstiese Skrifgebruik in 'n bepaalde motivering) afgewys is, en nie om die beslissing uit te brei na die volle besluit wat Sinode 1988 geneem het nie. Versoek 2 van die beswaardes (vergelyk 4.2.7.2 hierbo) of selfs die wyer Versoek 1 van die beswaarde (vergelyk 4.2.7.1 hierbo), het sodanige uitbreiding in die oog.

7.6 Die Beswaarskrif se uitgangspunt is dat die optrede van Sinode 2003 in stryd is met KO, art 31. Die toeligter, WC Vergeer, het aangedui dat die Beswaarskrif gegrond is op die eerste deel van KO, art 31 nl. dat die besluite van 'n vergadering vas en bindend is tensy anders bewys word. Die Beswaarskrif toon nie aan dat Sinode 2003 inderdaad **bewys** het dat dit noodsaaklik is om Sinode 1988 se **besluit** te wysig nie.

7.7 Die Beswaarskrif redeneer dat deur die motivering van 'n besluit (art 98, 3.6.3, Acta 1988:519) te skrap (Acta 2003:554), die besluit ook herroep moes word. Die Beswaarskrif redeneer voorts dat **ten spyte van** die feit dat die motivering van 'n besluit as kasuïsties bewys word, Sinode 2003 nie die besluit herroep nie.
Sinode 2003 hoef egter nie die besluit te herroep nie, aangesien die Beswaarskrif slegs op 'n onderafdeling van die motivering van 'n besluit geslaag het. Sinode 2003 is nie verplig om ook die besluit te herroep nie. Sinode 2003 (Acta 2003:554) neem kennis dat *"die Sinode in die motivering van sy besluit om die aanbeveling van die deputate te verwerp, die Bybel op 'n kasuïstiese wyse gebruik het."*

7.8 Dit was nie die **bedoeling** van Sinode 2003 om die besluit van Sinode 1988 of 'n gedeelte daarvan (Acta 1988:519, 3.6.3) te herroep nie, al het 'n Beswaarskrif oor die motivering daarvan geslaag. Dit blyk uit die feit dat hulle nie gevolg gegee het aan die uitdruklike versoek van die Beswaarskrif nie, nl. om 'n alternatiewe besluit oor die besluit van Sinode 1988 te neem nie (kyk Versoek 1 by 4.2.7.1).

7.9 Die huidige Beswaarskrif versoek nou (vgl Versoek 2 by 4.2.7.2) dat woorde wat in 1988 uit die besluit uitgelaat is, teruggevoeg moet word. Met die behandeling van die Beswaarskrif wat op Sinode 2003 gedien het, het die Kommissie wel hierdie moontlikheid beredeneer, maar die Sinode het slegs **kennis geneem** van hierdie argumentasie sonder om daaraan gevolg te gee.

Besluit: Kennis geneem van 7.1 tot 7.9.

8. Bevinding

8.1 Die Beswaarskrif toon nie aan dat Sinode 2003 se optrede in stryd is met KO, art 31 nie.

8.2 Die besluit van Sinode 2003 hou nie in dat die besluit van Sinode 1988 (p519, 3.6.3) herroep moet word nie.

Besluit: Kennis geneem van 8.1 en 8.2.

9. Aanbevelings

9.1 Die Sinode neem spesifiek kennis van die volgende twee sake

9.1.1 Versoek 1 (4.2.7.1) (Acta 2003:550) en Versoek 2 (4.2.7.2) stem nie ooreen nie.

9.1.2 Die huidige versoek (4.2.7.2) bring nie die saak van die vrou in die besondere ampte ter tafel nie.

9.2 Die beswaargrond slaag nie.

9.3 Die Beswaarskrif slaag in sy geheel nie.

Besluit: Pte 9.1 tot 9.3 word goedgekeur.